So is ons verraai (11)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (2)

iv. Die finale, besonder openbarende aspek om te oorweeg is die "Waarheid en Versoeningskommissie" (WVK) se bevindinge van 1998. Die WVK was 'n statutêre kommissie wat deur die nuutverkose ANC regering aangestel is om skendings van menseregte tydens die apartheidsera bloot te lê. Die kommissie het miljoene Rand van die regering ontvang om sy aktiwiteite te finansier en het sowat 21 000 verklarings van beweerde menseregteskendings afgeneem. Uiteindelik het die kommissie sy verskillende verslae oor 'n tydperk van agt jaar voltooi. Die kommissarisse was deur die bank leidende figure in die stryd teen apartheid. Desmond Tutu, 'n evangelis wat baie meer bekend is vir sy anti-apartheid aktiwiteite as vir evangelisasiewerk, was die voorsitter. Dit was ondenkbaar en onmoontlik dat sulke kommissarisse enige objektiwiteit teenoor hulle geswore vyande in die vorige regering en sy veiligheidsmagte sou toon. Nogtans stel selfs hierdie kommissie die totale getal mense wat gedurende die 46 jaar van apartheidsregering deur die polisiemag gedood is, op 2 700 (*TRC Final Report, Vol. 5:232-233)*. DIT TERWYL DIE POLISIE oor baie jare met die ergste onrus en opstande denkbaar gekonfronteer was, veral gedurende die laaste dekade van blanke bewind toe die ANC verklaar het dat hulle die land onregeerbaar sou maak en daar 'n toestand wat aan 'n burgeroorlog grens, in die land geheers het.

Sulke statistieke is onbeduidend in vergelyking met dié van baie lande wat voorsingers in die stryd teen apartheid in Suid-Afrika was:

gedood in die USSR tussen 1917 en 1980: 'n geraamde TAGTIG MILJOEN van sy eie burgers en baie miljoene mense meer van bevolkings in dosyne ander lande;

gedood deur Mao Ze-Dong in Sjina en Tibet: 'n geraamde AGT EN SEWENTIG MILJOEN;

vermoor deur Menghistu Haile Mariam in Etiopië: 'n geraamde VYFHONDERD DUISEND;

vermoor deur Micombero in Burundi: 'n geraamde TWEEHONDERD DUISEND.

Die lys kan natuurlik met talle ander voorbeelde aangevul word, maar die absurditeit daarvan is dat die apartheidsregering, wat sy foute ook mag gewees het, wêreldwyd geopponeer was op 'n wyse wat nooit deur hierdie regimes ervaar is nie en gereeld uitgemaak is as slegter as hulleself. So kan 'n mens aanhou om nog baie ander voorbeelde aan te haal. Die belaglikheid is dat die apartheidsregering — wat ook al sy foute mag gewees het — juis deur hierdie regimes wêreldwyd verdoem en teengestaan is en boonop voorgehou is as erger dan hulleself (*Gann & Duignan: 260-261*). Om die waarheid te sê, dit was regimes soos hierdie wat die voortou in die

© 2020

internasionale veldtog teen Suid-Afrika geneem het in weerwil van hulle eie klaaglike onvermoë om die mees basiese menseregte na te kom. (Dieselfde kan natuurlik van Westerse lande wat voor die twintigste eeu volksmoorde teen nie-Blankes gepleeg het, gesê word).

Betekenis van die woord, motivering en strategie agter apartheid

Die Afrikaanse woord “apartheid” beteken letterlik “toestand van afgeskei of afgesonder te wees” en in die politieke verband verwys dit na “segregasie”. Met verloop van tyd het apartheid in terme van Suider-Afrikaanse rasseaangeleenthede in drie dimensies ontwikkel: ’n beleidsdimensie, ’n maatskaplik/filosofiese dimensie en ’n strategie dimensie.

As ’n beleid wat gesegregeerde verhoudinge tussen blankes en nieblankes in Suider-Afrika gereguleer het, het apartheid nie met NP-regering in 1948 begin nie. Dit was eerder ’n waarmerk — vanaf 1652 — van Hollandse VOC-regering, en later van Britse- sowel as Boereregering dwarsdeur die subkontinent; vasgelê in talle wette en regulasies wat op alle lewensterreine betrekking gehad het.

Deur die eeue het segregasiewetgewing/beleid bloot die bestaande sosiale interaksiepatrone en onderliggende waardes en geloofsisteme van die verskillende rasse weergegee. Die beginsel van afsonderlikheid en onderskeid was nog altyd ’n wederkerende eienskap van blank teenoor nieblank en van die verskillende nieblanke groepe onderling. Geen van die blanke groepe, en ook nie die swart stamme of die Indiërbevolking (sedert hulle aankoms in die 1860’s) het enige neiging getoon om met mekaar te integreer nie. Nelson Mandela het bevestig dat dit in sy jeug nog sosiaal onaanvaarbaar was vir swart stamme om onderling te vermeng, om nie eers te praat van swart/wit sosiale interaksie nie (*Mandela: 44*). Hierdie fenomeen is begrond in die universele en natuurlike noodsaak van mense om hul groeps- en kulturele identiteit en erfenis te bewaar ten spyte van wyd verspreide kontak met ander groepe en kulture.

© 2020